

19 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38
Fokusgedeelte: Matteus 9:36

Soos skape sonder 'n herder

Dit is maklik om afkeurend en veroordelend te wees wanneer jy die “menigtes” sien. Dit is immers mense wat nie die Here ken nie, ongelowige mense, mense met 'n lewenstyl wat jou nie aanstaan nie en wat, volgens alle aanduidings, op pad is na die verderf.

Jesus Christus het met ander oë na die menigtes gekyk. Hy het met herdersoë gekyk, met oë wat omgee, met mededoë. Hy het verby die dinge gekyk wat vir ons onaanvaarbaar is en waarteen ons ons dikwels blindstaar, wat die menigtes vir ons diskwalifiseer. Hy het gesien dat hulle moeg en hulpeloos was, verlore en verdwaal, soos skape wat nie 'n wagter het nie. En omdat hy so gekyk het, het Hy hulle jammer gekry, innig jammer.

Skape sonder 'n herder is weerloos en kwesbaar in die oop veld, 'n maklike prooi vir roofdiere. Hulle is koersloos en dwalend, met geen hoop om by die groen weivelde en waters van rus waarvan die psalm vertel (Ps. 23:2), uit te kom nie. Hulle is verlore. Jy behoort sulke mense ook innig jammer te kry.

Jammerte, selfs innige jammerte, is egter nie genoeg nie. Skape wat nie 'n wagter het nie, is nie minder moeg en hulpeloos en verdwaal net omdat daar mense is wat hulle jammer kry nie. Daarom verwag die Goeie Herder van ons om daadwerklik op te tree en 'n verskil te maak. Hy het destyds vir sy dissipels gesê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan Wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”

Jy kan miskien nie, soos 'n sendeling, op die saailand van God werk nie. Dit is nie vir almal moontlik om soos predikante gebukkend op die oeslande te staan nie. Daar is egter niks wat jou verhinder om op jou knieë te gaan en te bid nie. En dit is by verre die belangrikste wat jy kan doen. Die gebed van 'n gelowige het immers 'n kragtige uitwerking (Jak. 5:16).

Sing: Psalm 23:1 (1936)

Ds. CJH Breed (Secunda)